

29 November

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 11:1-15

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 11:2

Die bruid van Christus

Een van die mooi beelde van die kerk in die Bybel stel die kerk voor as die bruid van Christus. Watter rol speel Paulus nou in die verhouding tussen die bruidegom (Christus) en die bruid (die kerk)? Hy sê: "... julle (die kerk) is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na Hom toe wil bring. Die man is Christus."

Paulus sien himself hier as die "vriend van die bruidegom" (vgl. Joh 3:29). Dit was iemand wat sekere verpligtinge by die bruilof gehad het, maar sy hoofzaak was om die bruid ongeskonde na die bruidegom te bring. Daarna moes hy op die agtergrond tree. Dit gaan nie oor himself nie, maar oor die bruidegom.

Paulus waak oor die gemeente met 'n "ywer wat van God kom". Dit is om hulle as Christus se bruid vlekkeloos na Hom toe te bring. Hy wil hulle beskerm teen die dwaalleraars wat in die gemeente werksaam was.

Om die dwaalleraars te ontmasker en werklik teen te staan, moet Paulus oor homself en sy dienswerk praat. Hy wil dit nie graag doen nie, maar doen dit tog ter wille daarvan om die gemeente vlekkeloos by Christus uit te bring.

Die dwaalleraars het wel die Naam van Jesus Christus gebruik, maar hulle het die aandag op hulleself gevestig en die gemeente aan hulleself verbind. Hulle was suksesvol omdat hulle "gladde sprekers" was. Calvyn sê van sulke predikers: "Hulle wat die kerk aan hulleself bind eerder as aan Christus, ontteer in troueloosheid die huwelik wat hulle behoort te eer." Paulus moes oor homself praat juis om duidelik te maak dat dit vir hom oor Christus gaan en om die kerk aan Christus alleen te bind.

Sing: Psalm 45:9, 10 (1936)

Dr. F van der Walt (Emeritus)